Sample Label

# Confidor®
## 70 WG

**SEE ENCLOSED LEAFLET FOR FULL DETAILS.**

**SIEN INGESLOTE PAMFLET VIR VOLLEDIGE BESONDERHEDE.**

Registration No. L7240 (Act No. 36 of 1947)
Namibian Reg. No. N-AR 0777
Botswana Reg. No. W130030 (Act 18 of 1999)

Registrasie Nr. L7240 (Wet Nr. 36 van 1947)
Namibiese Reg. Nr. N-AR 0777

**A systemic water dispersible granule insecticide for the control of the insects mentioned on the crops listed.**

**'n Sistemiese water dispergeerbare korrel insekdoder vir die beheer van die genoemde insekte op gewasse soos genoem.**

| GROUP / GROEP | 4A | INSECTICIDE / INSEKDODER |
|---|---|---|

WARNING

**HAZARD STATEMENTS:**
Harmful if swallowed or if inhaled. Very toxic to aquatic life with long lasting effects.

**PRECAUTIONARY STATEMENTS:**
Avoid breathing mist/ spray. Use only outdoors or in a well-ventilated area.
Wear protective gloves/ protective clothing/ eye protection/ face protection.
IF SWALLOWED, immediately call a POISON CENTER/doctor/physician.

**Active ingredient:**
Imidacloprid (chloro-nicotinyl)............. 700 g/kg

**Aktiewe bestanddeel:**
Imidaklopried (chloro-nikotiniel)................. 700 g/kg

**REGISTERED BY / GEREGISTREER DEUR:** Bayer (Pty) Ltd / (Edms) Bpk
Reg. 1968/011192/07
P.O. Box/Posbus 143, Isando 1600 South Africa/Suid-Afrika
TEL: (OFFICE HOURS) / (KANTOORURE) (011) 921 5911
**IN CASE OF POISONING PLEASE PHONE / IN GEVAL VAN VERGIFTIGING SKAKEL:** 0861 555 777

**Confidor®** is a registered trademark of the Bayer Group.
**Confidor®** is 'n geregistreerde handelsmerk van die Bayer Groep.
© Bayer (Pty) Ltd

BATCH NUMBER / LOTNOMMER: See on pack
DATE OF MANUFACTURE / DATUM VERVAARDIG: Sien op houer

UN No. / VN Nr.: 3077

Bayer

RSA/1122/Confidor 70 WG 450g
Code: ZA85827871F

BAYER

# Confidor®
## 70 WG



## Insecticide

A systemic water dispersible granule insecticide for the control of the insects mentioned on the crops listed.

contains:
Imidacloprid (chloro-nicotinyl)

**Packaging / Verpakking:**
**4 x 450 g**

Sample Label

# Confidor® 70 WG

REG. NO. L7240 (Act No. 36 of 1947)
Botswana Reg. No. W130030 (Act. No. 18 of 1999)
Namibian Reg. No. N-AR 0777

**A systemic water dispersible granule insecticide for the control of aphids, red scale, thrips, leafminer and psylla on citrus trees; aphids on cotton, potatoes, cucurbits, tobacco, cruciferae and roses, woolly aphid on apples, tobacco slug on tobacco, whitefly on tomatoes and mealybug on grapes.**

**GROUP 4A INSECTICIDE**

**Active ingredient:**
Imidacloprid (chloro-nicotinyl)......……......700 g/kg

**REGISTERED BY:**
Bayer (Pty) Ltd
Reg. 1968/011192/07
P.O. Box 143
ISANDO
1600 SOUTH AFRICA
TEL: (OFFICE HOURS) 011 9215911
**Confidor**® is a registered trademark of the Bayer Group



**WARNING**

**WARNINGS:**

**HAZARD STATEMENTS:**
- Harmful if swallowed or if inhaled
- Very toxic to aquatic life with long lasting effects

**CITRUS:** ALLOW 212 DAYS ON CITRUS BETWEEN APPLICATION AND HARVEST.
**COTTON:** ALLOW 7 DAYS BETWEEN LAST APPLICATION AND HARVEST.
**POTATOES:** ALLOW 120 DAYS BETWEEN APPLICATION AND HARVEST.
**CUCURBITS:** ALLOW 100 DAYS BETWEEN APPLICATION AND HARVEST.
**TOBACCO:** ALLOW 70 DAYS BETWEEN APPLICATION AND HARVEST.
**BRUSSELS SPROUTS:** ALLOW 91 DAYS BETWEEN PLANTING AND HARVEST.
**BROCCOLI:** ALLOW 76 DAYS BETWEEN PLANTING AND HARVEST.
**CAULIFLOWER:** ALLOW 136 DAYS BETWEEN PLANTING AND HARVEST.
**CABBAGE:** ALLOW 93 DAYS BETWEEN PLANTING AND HARVEST.
**TOMATOES:** ALLOW 23 DAYS BETWEEN LAST APPLICATION AND HARVEST.
**GRAPES:** ALLOW 112 DAYS BETWEEN LAST APPLICATION AND HARVEST.

NOTE: The recommended withholding period between last application and harvest meets local residue requirements but may not meet export requirements. If the treated crop is intended for the export market, consult the relevant exporting body before application of the product, regarding pre-harvest interval requirements.

Handle with care.
Store in a cool place away from food and feedstuffs.
Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
In case of poisoning call a doctor and make label available to him/her.
RE-ENTRY: Do not enter treated area within 1 day after treatment unless wearing protective clothing.
AERIAL APPLICATION: Notify all inhabitants of the immediate area to be sprayed and issue the necessary warnings. Do not spray over or allow drift to contaminate adjacent areas or water. Please refer to the SANS Code of Practice for the aerial application of agricultural chemicals.

**ALTHOUGH THIS REMEDY HAS BEEN EXTENSIVELY TESTED UNDER A LARGE VARIETY OF CONDITIONS THE REGISTRATION HOLDER DOES NOT WARRANT THAT IT WILL BE EFFICACIOUS UNDER ALL CONDITIONS BECAUSE THE ACTION AND EFFECT THEREOF MAY BE AFFECTED BY FACTORS SUCH AS ABNORMAL SOIL, CLIMATIC AND STORAGE CONDITIONS; QUALITY OF DILUTION WATER; COMPATIBILITY WITH OTHER SUBSTANCES NOT INDICATED ON THE LABEL AND THE OCCURRENCE OF RESISTANCE OF THE PEST AGAINST THE REMEDY CONCERNED AS WELL AS BY THE METHOD, TIME AND ACCURACY OF APPLICATION. THE REGISTRATION HOLDER FURTHERMORE DOES NOT ACCEPT RESPONSIBILITY FOR DAMAGE TO CROPS, VEGETATION, THE ENVIRONMENT OR HARM TO MAN OR ANIMAL OR FOR LACK OF PERFORMANCE OF THE REMEDY CONCERNED DUE TO FAILURE OF THE USER TO FOLLOW THE LABEL INSTRUCTIONS OR TO THE OCCURRENCE OF CONDITIONS WHICH COULD NOT HAVE BEEN FORESEEN IN TERMS OF THE REGISTRATION. CONSULT THE SUPPLIER IN THE EVENT OF ANY UNCERTAINTY.**

**PRECAUTIONS:**

**PRECAUTIONARY STATEMENTS:**
- Avoid breathing mist/ spray
- Use only outdoors or in a well-ventilated area
- Wear protective gloves/ protective clothing/ eye protection/ face protection
- IF SWALLOWED, immediately call a POISON CENTER/doctor/physician

Wash contaminated clothing daily.
Wash with soap and water after use or accidental skin contact.
Do not eat, drink or smoke whilst mixing, applying or before washing hands and face.
Clean applicator after use, dispose of wash water where it will not contaminate crops, grazing, rivers and dams.
Containers and packages must be completely emptied before being disposed of. Shake out thoroughly into the mixing tank before destroying the empty container.
Destroy empty container by perforation and flattening and never use for any other purpose.
Prevent contamination of food, feedstuffs, drinking water and eating utensils.

**RELEVANT SUBSTANCES:**

| Formulation components | CAS Numbers | Conc. (%) |
|---|---|---|
| Imidacloprid | 138261-41-3 | 70 |

**FIRST AID TREATMENT:**
**General advice:** Remove contaminated clothing immediately and dispose of safely.
**Inhalation:** Move to fresh air. Keep patient warm and at rest. Call a physician or poison control center immediately.
**Skin contact:** Wash off thoroughly with plenty of water and soap, if available with polyethyleneglycol 400, subsequently rinse with water.
**Eye contact:** Rinse immediately with plenty of water, also under the eyelids, for at least 15 minutes.
Remove contact lenses, if present, after the first 5 minutes, then continue rinsing eye. Get medical attention if irritation develops and persists.
**Ingestion:** Rinse mouth. Induce vomiting only, if: 1. patient is fully conscious, 2. medical aid is not readily available, 3. a significant amount (more than a mouthful) has been ingested and 4. time since ingestion is less than 1 hour. (Vomit should not get into the respiratory tract). Call a physician or poison control centre immediately.

**Most important symptoms and effects, both acute and delayed:**
Nausea, Vomiting, Abdominal pain, Dizziness.
Symptoms and hazards refer to effects observed after intake of significant amounts of the active ingredient.

**Indication of any immediate medical attention and special treatment needed:**
**Treatment**
Treat symptomatically.
Monitor: respiratory and cardiac functions.
In case of ingestion gastric lavage should be considered in cases of significant ingestions only within the first 2 hours. However, the application of activated charcoal and sodium sulphate is always advisable.
There is no specific antidote.

**RESISTANCE MANAGEMENT:**
For resistance management, **Confidor 70 WG** is a group code 4A insecticide. Any insect population may contain individuals naturally resistant to **Confidor 70 WG** and other group code 4A insecticides. The resistant individuals can eventually dominate the insect population if these insecticides are used repeatedly. These resistant insects may not be controlled by **Confidor 70 WG** or any other group code 4A insecticides.

To delay insecticide resistance:
- Avoid exclusive repeated use of insecticides from the same insecticide group code. Alternate with products from different insecticide group codes.
- Integrate other control methods (chemical, cultural, biological) into insect control programs.
- Do not apply **Confidor 70 WG** more than once per year on citrus trees.
- Do not apply more than 2 sprays of an insecticide that belongs to the same chemical group as **Confidor 70 WG** onto citrus trees after application of **Confidor 70 WG**.

**For specific information on resistance management contact the registration holder of this product.**

**AERIAL APPLICATION:**
Aerial application of **Confidor 70 WG** may only be done by a registered Aerial Application Operator using a correctly calibrated, registered aircraft according to the instructions of SANS 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides). Ensure that the spray mixture is distributed evenly over the target area and that the loss of spray material during application is restricted to a minimum. It is therefore essential that the following criteria be met:
- **Volume:** A spray mixture volume of 30 ℓ per hectare is recommended. As this product has not been evaluated at a reduced volume rate, the registration holder cannot guarantee efficacy, or be held responsible for any adverse effects if this product is applied aerially at a lower volume rate than recommended above.
- **Droplet coverage:** 25 to 35 droplets per $cm^2$ must be recovered at the target area.
- **Droplet size:** A droplet spectrum with a VMD of 280 to 300 microns is recommended. Limit the production of fine droplets less than 150 microns (high drift and evaporation potential) to a minimum.
- **Flying height:** Maintain the height of the spray boom at 3 to 4 metres above the target. Do not spray when aircraft dives, is in a climb or when banking.
- Use suitable **atomising equipment** that will produce the desired droplet size and coverage, but which will ensure the minimum loss of product. The spraying system must produce a droplet spectrum with the lowest possible Relative Span.
- Position all the atomisers within the inner 60 to 75 % of the wingspan to prevent droplets from entering the **wingtip vortices**.
- The difference in **temperature** between the wet and dry bulb thermometers, of a whirling hygrometer, should not exceed 8 °C.
- Stop spraying if the **wind** speed exceeds 15 km/h.
- Stop spraying under **turbulent**, unstable and dry conditions during the heat of the day.
- Spraying under temperature **inversion conditions** (spraying in or above the inversion layer) and/or high humidity conditions (relative humidity 80 % and above) may lead to the following:
  - reduced efficacy due to suspension and evaporation of small droplets in the air (inadequate coverage).
  - damage to other sensitive crops and/or non-target areas through drifting of the suspended spray cloud away from the target field.
- Ensure that the Aerial Spray Operator knows exactly which fields to spray.
- Obtain an assurance from the Aerial Spray Operator that the above requirements will be met and that relevant data will be compiled in a logbook and kept for future reference.

**DIRECTIONS FOR USE:** USE ONLY AS INDICATED.

**THE FOLLOWING CONDITIONS ARE MANDATORY FOR THE USE OF CONFIDOR 70 WG IN GRAPEVINES:**

1. The post-harvest application of **Confidor 70 WG** must take place within 30 days of harvest and before leaf drop and must be followed by a winter/dormancy treatment for the control of mealybug, using a suitable registered product.
2. The application of **Confidor 70 WG** during spring at budburst must be preceded by a winter/dormancy treatment for the control of mealybug, using a suitable registered product.
3. Do not use **Confidor 70 WG** under dryland conditions. Grapevines must be healthy, stress free and regularly irrigated after application.
4. Do not apply **Confidor 70 WG** through irrigation systems.
5. Apply to moist soil. Leaves, weeds and other organic material would restrict leaching into the soil and must be removed beforehand.
6. Monitor treated vines regularly during the growing season according to protocol guidelines. If necessary, apply a suitable registered product as corrective treatment for the control of mealybug.
7. Control of ants remains essential to protect and allow natural occurring predators and parasites to assist in the control of grapevine mealybug.

**COMPATIBILITY:**
**Confidor 70 WG** is compatible with **Monceren 250 SC** (Reg. No. L3123) when applied on potatoes.

**MIXING INSTRUCTIONS:**
Pour the required quantity of **Confidor 70 WG** into the water while agitating.
Do not allow the **Confidor 70 WG** mixture to stand any length of time before using.
Do not use brackish water.

| CROP/PEST | DOSAGE RATE | REMARKS |
|---|---|---|
| **CITRUS**<br>(EXCLUDING KUMQUAT)<br><br>BEARING TREES UP TO 15 YEARS OLD<br>**(For trees older than 15 years please refer to Notes below)** | | |
| Aphids *(Toxoptera citricidus)*, Red scale *(Aonidiella aurantii)* and Psylla *(Trioza erytreae).*<br><br>Aphids *(Toxoptera citricidus).* | **SOIL DRENCH**<br>4,5 g/tree.<br><br>3 g/tree. | Apply during August/September at green tip to white bud growth stage of the trees. Mix the required quantity in 1 ℓ of water and apply around the base of the trunk with a jug. Irrigate within 24 hours after application. **When used on lemon trees, apply only after removal of all fruit (including immature fruit). In lemons control can only be expected on the first fruitset after application.** |
| **NON-BEARING TREES:**<br>Aphids *(Toxoptera citricidus).*<br><br>Leafminer *(Phyllocnistis citrella).* | **SOIL DRENCH**<br>3 g/tree.<br><br>4 g/tree. | Apply during August/September in 1 ℓ of water and apply around the base of the trunk with a jug. Irrigate within 24 hours after application. |
| **NURSERY TREES:**<br>Aphids *(Toxoptera citricidus)* and Leafminer *(Phyllocnistis citrella).*<br><br>Thrips *(Scirtothrips aurantii).* | **SOIL DRENCH**<br>0,75 g/seedling.<br><br>1,5 g/seedling. | Apply in 200 mℓ water 2 days after transplanting of the grafted rootstock seedlings into plastic bags.<br>Ensure that the **Confidor 70 WG** application does not take place prior to grafting. |
| **NOTES:**<br>1. Trees should be healthy, stress free and regularly irrigated before and after application.<br>2. Do not apply to trees immediately after pruning.<br>3. **Trees older than 15 years:** When **Confidor 70 WG** is used on trees older than 15 years, pest control can be inconsistent. Some pest damage must therefore be expected and crop losses can occur.<br>4. **Application through drip or micro-irrigation systems:** When **Confidor 70 WG** is applied through irrigation systems, pest control can be inconsistent. Some pest damage must therefore be expected and crop losses can occur. | | |
| **APPLES**<br>Woolly aphid<br>*(Eriosoma lanigerum).* | **SOIL APPLICATION**<br>**Trees up to 6 years old:**<br>0,5 g/tree.<br><br>**Trees 7-15 years old:**<br>1,5 g/tree. | **Non-flowering trees:** Apply in September.<br>**Flowering trees:** Apply within 3 weeks after flowering.<br><br>Apply within 3 weeks after flowering.<br><br>Apply the **Confidor 70 WG** in 1 ℓ of water to the soil directly around the base of the tree trunk. The application area should be free of weeds and mulch. Irrigate within 24 hours after application. Will also suppress woolly aphid on the roots. |
| **NOTES:**<br>1. Apply only to trees not older than 15 years.<br>2. Trees should be healthy, stress free and regularly irrigated before and after application. Any factor that will stress the tree will adversely affect the uptake and distribution of the active ingredient in the tree.<br>3. Do not apply the soil drench treatment through the irrigation system. | | |
| **COTTON**<br>Aphids (Various spp.). | **GROUND APPLICATION**<br>30 g/100 ℓ water.<br>Apply in not less than 200 ℓ water per ha.<br><br>**AERIAL APPLICATION**<br>60 g/ha in<br>± 40 ℓ water/ha | Apply when aphids appear and repeat application 7-10 days later. Further applications at 7-10 day intervals may be necessary. |
| **POTATOES**<br>Aphids *(Myzus persicae).* | 2,25 g/100 m row length | Spray the **Confidor 70 WG** mixture in the planting furrow from ridge-tip to ridge-tip **before** planting of the tubers. Use a 8006 or 8008 flat fan nozzle and apply in 3 to 4 ℓ water/100 m furrow length. The application may also be made, after planting but before emergence, over the row. Irrigate immediately afterwards with ±15 mm water. **Confidor 70 WG** may also be used in a tank mixture with **Monceren 250 SC** (see **Monceren 250 SC** label) for the simultaneous control of aphids, *Rhizoctonia.* |
| **CUCURBITS**<br>Aphids (Various spp.). | 100 g/100 ℓ water. | Apply 30 mℓ of the mixture per planting hole during planting or immediately after planting. Additional aphicidal sprays may be necessary later in the season should aphids appear. |
| **TOBACCO**<br>Aphids *(Myzus persicae)* and Tobacco slug *(Lema bilineata).* | 36 g/100 ℓ water. | Apply 30 mℓ of the mixture per plant in the transplanting water or apply 30 mℓ of the mixture as a drench to the base of the plant at transplanting. |
| **NOTE:** Do not apply onto the crown (growth point) of the plant. Slugs will be controlled for up to 8 weeks after treatment. Should it become a problem hereafter, apply other registered pesticides for its control. | | |
| **CRUCIFERAE**<br>Cabbage aphid *(Brevicoryne brassicae).* | 190 g/100 ℓ water. | Apply 600 mℓ of the **Confidor 70 WG** suspension per polystyrene seedling tray as a drench over the plants not more than 24 hours prior to transplanting. |
| **NOTE:**<br>1. The above application rates are recommended per polystyrene seedling tray containing 200 seedlings. The seedling trays referred to are those with a standard outside dimension of 673 X 342 mm.<br>2. Application rates can be proportionally reduced for seedling trays containing less than 200 seedlings.<br>3. The mixture should be stirred thoroughly before and during application to ensure an even application. | | |
| **TOMATOES**<br>Whitefly nymphs<br>*(Trialeurodes vaporariorum)*<br>For use on tomatoes in enclosed areas e.g. glass-houses, tunnels, etc. only. | **SOIL DRENCH**<br>0,025 g/plant. | Apply as a soil drench 1 day after transplanting. Mix 5 g **Confidor 70 WG** with 20 ℓ water and apply 100 mℓ of this mixture to the soil around the base of the stem of each plant. Irrigate within 24 hours after application. Repeat application 28 days later. |
| **TABLE AND WINE GRAPES**<br>Mealybugs *(Planococcus ficus)* | 0,75 g/vine | Apply within 30 days after harvest and before leaf drop as a soil drench around the base of the stem in 500 mℓ water per vine. Immediately afterwards follow-up with a further 2 ℓ of clean water per vine. A small basin should be formed to prevent run-off. Irrigate within 24 hours after application.<br><br>**OR**<br><br>Apply at budburst as a soil drench around the base of the stem in 500 mℓ water per vine and immediately afterwards follow up with a further 2 ℓ of clean water per vine. A small basin should be formed to prevent run-off. Irrigate within 24 hours after application.<br><br>**REFER TO MANDATORY CONDITIONS FOR USE UNDER DIRECTIONS FOR USE.** |
| **ROSES**<br>Aphids *(Macrosiphum rosae* and *Metopolophium porosum)* | **SOIL DRENCH**<br>0,25 g/plant<br>(for 4-6 weeks control) | Apply as a soil drench in spring or at the first signs of infestation. Mix 2,5 g **Confidor 70 WG** with 10 ℓ water and apply 1 ℓ of this mixture on the soil around the base of the stem of each plant. Irrigate within 24 hours after application. |
| | 0,5 g/plant<br>(for season-long control) | Apply as a soil drench in spring. Mix 5 g **Confidor 70 WG** with 10 ℓ water and apply 1 ℓ of this mixture on the soil around the base of the stem of each plant. Irrigate within 24 hours after application. Follow-up applications may be necessary, depending on the amount of rainfall or irrigation and soil type. |

© Bayer (Pty) Ltd. All unauthorised reproduction of this label is forbidden.

Bayer

RSA/1022/Confidor 70 WG/Pamphlet
Code:ZA05669358M

# Confidor® 70 WG

REG. NR. L7240 (Wet Nr. 36 van 1947)
Namibiese Reg. Nr. N-AR 0777

**'n Sistemiese water dispergeerbare korrel insekdoder vir die beheer van plantluise, rooidopluis, blaaspootjie, blaarmyner en bladvlooi op sitrusbome; plantluise op katoen, aartappels, tabak, rose, pampoen- en koolgewasse, bloedluis op appels, tabakslak op tabak, witvlieg op tamaties en witluis op druiwe.**

**GROEP 4A INSEKDODER**

**Aktiewe bestanddeel:**
Imidaklopried (chloro-nikotiniel)................700 g/kg

**GEREGISTREER DEUR:**
Bayer (Edms) Bpk
Reg. 1968/011192/07
Posbus 143
ISANDO
1600 SUID-AFRIKA
TEL: (KANTOORURE) 011 921 5911
**Confidor**® is 'n geregistreerde handelsmerk van die Bayer Groep



**WAARSKUWING**

**WAARSKUWINGS:**

**GEVAAR WAARSKUWINGS:**
- Skadelik indien ingesluk of ingeasem.
- Baie giftig vir waterlewende organismes met langdurige gevolge.

**SITRUS:** LAAT 212 DAE VIR SITRUS TOE TUSSEN TOEDIENING EN OES.
**KATOEN:** LAAT 7 DAE TOE TUSSEN LAASTE TOEDIENING EN OES.
**AARTAPPELS:** LAAT 120 DAE TOE TUSSEN TOEDIENING EN OES.
**PAMPOENGEWASSE:** LAAT 100 DAE TOE TUSSEN TOEDIENING EN OES.
**TABAK:** LAAT 70 DAE TOE TUSSEN TOEDIENING EN OES.
**BRUSSELSE SPRUITJIES:** LAAT 91 DAE TOE TUSSEN PLANTTYD EN OES.
**BROCCOLI:** LAAT 76 DAE TOE TUSSEN PLANTTYD EN OES.
**BLOMKOOL:** LAAT 136 DAE TOE TUSSEN PLANTTYD EN OES.
**KOPKOOL:** LAAT 93 DAE TOE TUSSEN PLANTTYD EN OES.
**TAMATIES:** LAAT 23 DAE TOE TUSSEN LAASTE TOEDIENING EN OES.
**DRUIWE:** LAAT 112 DAE TOE TUSSEN LAASTE TOEDIENING EN OES.

LET WEL: Die aanbevole onthoudingsperiode tussen laaste toediening en oes voldoen aan die vereistes vir plaaslike residuvlakke maar mag dalk nie voldoen aan die vereistes vir uitvoer nie. Indien die behandelde gewas bestem is vir die uitvoermark, skakel met die betrokke uitvoerliggaam voor toediening van die produk, rakende onthoudingsperiodes.

Hanteer versigtig.
Bewaar in 'n koel plek weg van voedsel en voer.
Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
In die geval van vergiftiging ontbied 'n geneesheer en toon etiket aan hom/haar.
HERBETREDING: Moet nie behandelde gebied betree vir 1 dag na die bespuiting nie, tensy beskermende oorklere gedra word.
LUGBESPUITING: Stel alle inwoners van die onmiddellike gebied wat bespuit gaan word in kennis en rig die nodige waarskuwings. Moenie oor water en aangrensende gebiede spuit nie en sorg dat spuitstofwegdrywing nie dergelike gebiede besoedel nie. Verwys ook na die SANS Gebruikskode vir lugtoediening van landbouchemikalieë.

**ALHOEWEL HIERDIE MIDDEL OMVATTEND ONDER 'N GROOT VERSKEIDENHEID TOESTANDE GETOETS IS WAARBORG DIE REGISTRASIEHOUER NIE DAT DIT ONDER ALLE TOESTANDE DOELTREFFEND SAL WEES NIE AANGESIEN DIE WERKING EN EFFEK DAARVAN BEïNVLOED KAN WORD DEUR FAKTORE SOOS ABNORMALE GROND-, KLIMAATS-EN BERGINGSTOESTANDE; KWALITEIT VAN VERDUNNINGSWATER; VERENIGBAARHEID MET ANDER STOWWE WAT NIE OP DIE ETIKET AANGEDUI IS NIE EN DIE VOORKOMS VAN WEERSTAND VAN DIE PLAAG TEEN DIE BETROKKE MIDDEL SOWEL AS DIE METODE, TYD EN AKKURAATHEID VAN TOEDIENING. VERDER AANVAAR DIE REGISTRASIEHOUER NIE VERANTWOORDELIKHEID VIR SKADE AAN GEWASSE, PLANTEGROEI, DIE OMGEWING OF VIR NADELIGE EFFEK OP MENS OF DIER OF VIR 'N GEBREK AAN PRESTASIE VAN DIE BETROKKE MIDDEL AS GEVOLG VAN DIE VERSUIM VAN DIE GEBRUIKER OM ETIKETAANWYSINGS NA TE KOM OF AS GEVOLG VAN DIE ONTSTAAN VAN TOESTANDE WAT NIE KRAGTENS DIE REGISTRASIE VOORSIEN KON WORD NIE. RAADPLEEG DIE VERSKAFFER IN DIE GEVAL VAN ENIGE ONSEKERHEID.**

**VOORSORGMAATREËLS:**

**VOORSORGMAATREëLS:**
- Moet nie stuifsel/spuitstof inasem nie.
- Gebruik slegs buitenshuis of in ‘n goed geventileerde area.
- Dra beskermende handskoene/beskermende klere/oogbeskerming/gesigbeskerming.
- INDIEN INGESLUK: Kry onmiddellik mediese noodhulp.

Was besoedelde klere daagliks.
Was met seep en water na gebruik of toevallige velkontak.
Moenie eet, drink of rook tydens vermenging, toediening of voordat hande en gesig gewas is nie.
Maak toedieningsapparaat skoon na gebruik, raak ontslae van uitspoelwater waar dit nie gewasse, weiding, riviere en damme kan besoedel nie.
Houers en verpakkings moet heeltemal leeggemaak word voordat hulle vernietig word. Skud die houer deeglik uit in die mengbak voordat leë houer vernietig word.
Vernietig leë houer deur gate in te maak en plat te slaan. Moet vir geen ander doel weer gebruik nie.
Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

**RELEVANTE STOWWE:**

| Formulation components | CAS Numbers | Conc. (%) |
|---|---|---|
| Imidacloprid | 138261-41-3 | 70 |

**NOODHULPBEHANDELING:**
**Algemene advies:** Verwyder gekontamineerde klere onmiddellik en raak op 'n veilige manier daarvan ontslae.
**Inaseming:** Verskuif na vars lug. Hou pasiënt warm en rustig. Bel 'n dokter of gifsentrum onmiddellik.
**Velkontak:** Was deeglik met seep en genoegsame water en indien beskikbaar met poliëtileenglikol 400 en spoel af met water..
**Oogkontak:** Spoel oë onmiddellik uit met genoegsame water, ook onder die ooglede. Verwyder kontaklense na die eerste 5 minute, indien teenwoordig en gaan voort met spoeling. Verkry mediese behandeling indien irritasie ontwikkel en voortduur.
**Ingesluk:** Spoel mond. Veroorsaak braking slegs indien: 1. die pasiënt by sy/haar volle bewussyn is, 2. mediese hulp nie geredelik beskikbaar is nie, 3. 'n beduidende hoeveelheid (meer as 'n mondvol) ingesluk is en 4. die tydsverloop sedert die gifstof ingesluk is minder as een uur is. (braaksel moet nie in die asemhalingskanaal beland nie). Bel 'n dokter of gifsentrum onmiddellik.

**Belangrikste simptome en gevolge, beide akuut en vertraag:**
Naarheid, braking, abdominale pyn, duiseligheid.
Simptome en gevare verwys na gevolge waargeneem na inname van groot hoeveelhede van die aktiewe bestanddeel.

**Aanduiding van enige onmiddellike mediese aandag en spesiale behandeling benodig:**
**Behandeling**
Behandel simptomaties.
Monitor: respiratoriese en hart funksies.
In geval van inname moet maagspoeling oorweeg word en indien 'n beduidende hoeveelheid ingeneem is, slegs binne die eerste 2 ure. Die toepassing van geaktiveerde houtskool en natrium sulfaat is egter altyd raadsaam.
Daar is geen spesifieke teenmiddel.

**WEERSTANDSBESTUUR:**
**Confidor 70 WG** is 'n groepkode 4A insekdoder. Enige populasie van 'n spesifieke insek mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **Confidor 70 WG** of enige ander groepkode 4A insekdoder het. Indien hierdie insekdoders herhaaldelik aangewend word kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die insekpopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende insekte sal waarskynlik nie deur **Confidor 70 WG** of enige ander groepkode 4A insekdoder beheer word nie.

Om weerstand teen insekdoders te vertraag:
- Vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van insekdoders in dieselfde insekdoder groepkode. Wissel af met produkte in verskillende insekdoder groepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in insekbeheer programme.
- Moet nie **Confidor 70 WG** meer as een keer per jaar op sitrusbome toedien nie.
- Moet nie meer as 2 bespuitings toedien van 'n insekdoder wat aan dieselfde chemiese groep behoort as **Confidor 70 WG** op sitrus bome na toediening van **Confidor 70 WG** nie.

**Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.**

**LUGTOEDIENING:**
**Confidor 70 WG** kan slegs deur 'n geregistreerde Lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) uit die lug bespuit word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word, en die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is daarom belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:
- **Volume:** 'n Spuitmengsel volume van 30 ℓ per ha word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen 'n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, toegedien word nie.
- **Druppel bedekking:** 25 tot 35 druppels per $cm^2$ moet op die teikenarea herwin word.
- **Druppelgrootte:** 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 280 tot 300 mikrons word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikrons (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.
- **Vlieghoogte:** Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3 tot 4 meter. Moet nie spuit wanneer die vliegtuig duik, uitklim of draai nie.
- Gebruik geskikte **atomiseringsapparaat** wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike Relatiewe Span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die binnste 60 tot 75 % van die vlerkspan om te verhoed dat druppels binne-in die **vlerkpuntvorteks** beweeg.
- Die verskil in **temperatuur** tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaihigrometer, moet nie 8 °C oorskry nie.
- Stop bespuiting indien die **windspoed** 15 km/uur oorskry.
- Stop bespuiting tydens **turbulente**, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuur **inversie toestande** (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en/of **hoë lugvog toestande** (relatiewe humiditeit 80 % en meer) mag tot die volgende probleme aanleiding gee:
  - verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken).
  - skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken area.
- Verseker dat die Lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.
- Dit is noodsaaklik om 'n versekering van die Lugbespuitingsoperateur te verkry dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat is vir toekomstige verwysing.

**GEBRUIKSAANWYSINGS:** GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI.

**VERPLIGTE VOORWAARDES VIR DIE GEBRUIK VAN CONFIDOR 70 WG IN WINGERD:**

1. Die na-oes toediening van **Confidor 70 WG** moet binne 30 dae na oes en vóór blaarval plaasvind en moet opgevolg word gedurende die winter/dormante groeiperiode met ‘n bespuiting van ‘n geskikte geregistreerde insekdoder vir die beheer van witluis..
2. Die toediening van **Confidor 70 WG** in die lente tydens bot moet voorafgegaan word gedurende die winter/dormante groeiperiode met ‘n bespuitings van ‘n geskikte geregistreerde insekdoder vir die beheer van witluis.
3. Mag slegs gebruik word op wingerd onder besproeiing. Wingerdstokke moet gesond en stremmingsvry wees en gereeld besproei word na toediening
4. Mag nie deur besproeiingstelsels toegedien word nie.
5. Dien toe op klam grond. Blare, onkruid en ander organiese materiaal moet verwyder word voor toediening aangesien dit inloging nadelig kan beïnvloed.
6. Ondersoek behandelde wingerdstokke op 'n gereelde basis volgens riglyne gedurende die groeitydperk. Indien nodig, moet ‘n geregistreerde produk toegedien word as korrektiewe bespuiting vir die beheer van witluis.
7. Die beheer van miere is noodsaaklik vir die beskerming van natuurlike parasiete en predatore en om hulle toe te laat om te help met die beheer van witluis.

**VERENIGBAARHEID:**
**Confidor 70 WG** is verenigbaar met **Monceren 250 SC** (Reg. Nr. L3123) wanneer toegedien word op aartappels.

**MENGINSTRUKSIES:**
Voeg die nodige hoeveelheid **Confidor 70 WG** by die water terwyl dit geroer word.
Moet nie die **Confidor 70 WG** mengsel laat staan vir enige periode voor gebruik nie.
Moet nie brakwater gebruik nie.

| GEWAS/PLAAG | TOEDIENINGS-HOEVEELHEID | OPMERKINGS |
|---|---|---|
| **SITRUS**<br>(UITSLUITEND KOEMKWAT)<br><br>DRAENDE BOME TOT 15 JAAR OUD<br>**(Vir bome ouer as 15 jaar, verwys na NOTAS onder)** | | |
| Plantluise *(Toxoptera citricidus)*, Rooidopluis *(Aonidiella aurantii)* en Bladvlooi *(Trioza erytreae).*<br><br>Plantluise *(Toxoptera citricidus).* | **GRONDDEURDRENKING**<br>4,5 g/boom.<br><br>3 g/boom. | Dien toe in Augustus/September tydens groen- tot witblomknopgroeistadium van die bome. Meng die verlangde hoeveelheid met 1 ℓ skoon water en dien toe rondom die basis van die stam met 'n beker. Besproei binne 24 uur na toediening. **Wanneer op suurlemoene gebruik word moet alle vrugte (selfs klein onvolwasse vrugte) eers verwyder word. Op suurlemoene kan beheer slegs verwag word op die eerste vrugset na toediening.** |
| **NIE-DRAENDE BOME:**<br>Plantluise *(Toxoptera citricidus).*<br><br>Blaarmyner *(Phyllocnistis citrella).* | **GRONDDEURDRENKING**<br>3 g/boom.<br><br>4 g/boom. | Dien toe gedurende Augustus/September in 1 ℓ water rondom die basis van die stam met 'n beker. Besproei binne 24 uur na toediening. |
| **KWEKERY BOOMPIES:**<br>Plantluise *(Toxoptera citricidus)* en Blaarmyner *(Phyllocnistis citrella).*<br><br>Blaaspootjies *(Scirtothrips aurantii).* | **GRONDDEURDRENKING**<br>0,75 g/saailing.<br><br>1,5 g/saailing. | Dien toe in 200 mℓ water 2 dae na uitplanting van die alreeds geënte wortelstoksaailinge in plastieksakke. Die **Confidor 70 WG** behandeling moet nie vóór enting plaasvind nie. |

**NOTAS:**
1. Bome moet gesond en stremmingsvry wees en gereeld besproei word vóór en na toediening.
2. Moet nie toedien op pas gesnoeide bome nie.
3. **Bome ouer as 15 jaar:** Wanneer **Confidor 70 WG** gebruik word op bome wat ouer as 15 jaar is, mag insekbeheer onvoldoende wees. Insekskade en oesverlies mag dus voorkom.
4. **Toediening deur drup- of mikro-besproeiingstelsels:** Wanneer **Confidor 70 WG** toegedien word deur middel van besproeiingstelsels mag insekbeheer onvoldoende wees. Insekskade en oesverlies mag dus voorkom.

| GEWAS/PLAAG | TOEDIENINGS-HOEVEELHEID | OPMERKINGS |
|---|---|---|
| **APPELS**<br>Bloedluis<br>*(Eriosoma lanigerum).* | **GRONDTOEDIENING**<br>**Bome tot 6 jaar oud:**<br>0,5 g/boom.<br><br>**Bome 7-15 jaar oud:**<br>1,5 g/boom. | **Bome nog nie in blom:** Dien toe in September.<br>**Bome in blom:** Dien toe in die 3 weke periode na blom.<br><br>Dien toe binne 3 weke na blom.<br>Dien die **Confidor 70 WG** toe in 1 ℓ water op die grond direk om die basis van die boomstam. Die toedieningsarea moet vry wees van onkruide en 'n deklaag. Die toediening moet binne 24 uur in die grond ingewas word deur middel van besproeiing. Sal ook bloedluis op die wortels onderdruk. |

**NOTAS:**
1. Dien slegs toe op bome nie ouer as 15 jaar nie.
2. Bome moet gesond en stremmingsvry wees en gereeld besproei word vóór en na toediening. Enige faktore wat stremming op die boom plaas sal die opname en verspreiding van die aktiewe bestanddeel in die boom nadelig beïnvloed.
3. Moet nie die grondbehandeling toedien deur die besproeiingssisteem nie.

| GEWAS/PLAAG | TOEDIENINGS-HOEVEELHEID | OPMERKINGS |
|---|---|---|
| **KATOEN**<br>Plantluise (Verskeie spp.). | **GRONDTOEDIENING**<br>30 g/100 ℓ water.<br>Dien toe in nie minder as 200 ℓ water per ha nie.<br><br>**LUGTOEDIENING**<br>60 g/ha in<br>± 40 ℓ water/ha | Dien toe wanneer plantluise voorkom en herhaal bespuiting 7-10 dae later. Verdere toedienings met 7-10 dae tussenposes mag nodig wees. |
| **AARTAPPELS**<br>Plantluise *(Myzus persicae).* | 2,25 g/100 m ry lengte | Spuit die **Confidor 70 WG** mengsel in die plantvoor van rif tot rif **voordat** die moere geplant word. Gebruik 'n 8006 of 8008 platwaaier spuitneus en dien in 3 tot 4 ℓ water/100 m ry lengte toe. Die toediening kan ook oor die ry toegedien word na plant maar voor opkoms en operd. Besproei onmiddellik daarna met ±15 mm water. **Confidor 70 WG** mag ook in ‘n tenkmengsel met **Monceren 250 SC** (raadpleeg **Monceren 250 SC** etiket) toegedien word vir gelyktydige beheer van plantluise en *Rhizoctonia*. |
| **PAMPOENGEWASSE**<br>Plantluise (Verskeie spp.). | 100 g/100 ℓ water. | Dien 30 mℓ van die mengsel toe per plantgat tydens plant of onmiddellik na plant. Addisionele bespuitings teen plantluise mag later in die seisoen nodig wees indien plantluise voorkom. |
| **TABAK**<br>Plantluise *(Myzus persicae)* en Tabakslak *(Lema bilineata).* | 36 g/100 ℓ water. | Dien 30 mℓ van die mengsel toe per plant in die uitplantwater of dien 30 mℓ van die mengsel toe as 'n gronddeurdrenkingsbehandeling teenaan die basis van die plant direk na uitplant. |

**NOTA:** Moet nie oor die kroon (groeipunt) van die plant toedien nie. Slak sal vir tot 8 weke na behandeling beheer word. Sou dit 'n probleem hierna word, dien ander geregistreerde plaagdoders vir beheer toe.

| GEWAS/PLAAG | TOEDIENINGS-HOEVEELHEID | OPMERKINGS |
|---|---|---|
| **KOOLGEWASSE**<br>Koolplantluis *(Brevicoryne brassicae).* | 190 g/100 ℓ water. | Dien 600 mℓ van die **Confidor 70 WG** suspensie per polistireen saailaai toe as 'n gietbehandeling oor die saailinge nie meer as 24 uur voor uitplanting nie. |

**NOTA:**
1. Bogenoemde toedieningshoeveelhede word aanbeveel per polistireen saailaai wat 200 saailinge bevat. Die saailaaie waarna verwys word is dié waarvan die standaard buite afmetings 673 X 342 mm is.
2. Toedieningshoeveelhede kan proporsioneel verminder word vir saailaaie wat minder as 200 saailinge bevat.
3. Die mengsel moet deeglik geroer word vóór en tydens toediening om egalige toediening te verseker.

| GEWAS/PLAAG | TOEDIENINGS-HOEVEELHEID | OPMERKINGS |
|---|---|---|
| **TAMATIES**<br>Witvlieg nimfe<br>*(Trialeurodes vaporariorum)*<br>Slegs vir gebruik op tamaties in bedekte areas bv. glashuise, tonnels, ens. | **GRONDDEURDRENKING**<br>0,025 g/plant. | Dien toe as 'n gronddeurdrenking 1 dag na uitplanting. Meng 5 g **Confidor 70 WG** met 20 ℓ water en dien 100 mℓ van hierdie mengsel toe op die grond om die basis van die stam van elke plant. Besproei binne 24 uur na toediening. Herhaal toediening 28 dae later. |
| **TAFEL- EN WYNDRUIWE**<br>Witluis *(Planococcus ficus)* | 0,75 g/wingerdstok | Dien toe binne 30 dae na oes en vóór blaarval as 'n gronddeurdrenking om die basis van die stam in 500 mℓ water per wingerdstok. Volg onmiddellik op met 'n verdere 2 ℓ skoon water. 'n Klein holte moet om die basis van die wingerdstok gevorm word om afloop te verhoed. Besproei binne 24 uur na toediening.<br>**OF**<br>Dien tydens bot toe as 'n gronddeurdrenking om die basis van die stam in 500 mℓ water per wingerdstok en volg onmiddellik op met 'n verdere 2 ℓ skoon water. 'n Klein holte moet om die basis van die wingerdstok gevorm word om afloop te verhoed. Besproei binne 24 uur na toediening.<br><br>**VERWYS NA VERPLIGTE VOORWAARDES VIR GEBRUIK ONDER GEBRUIKSAANWYSINGS** |
| **ROSE**<br>Plantluise *(Macrosiphum rosae* en *Metopolophium porosum)* | **GRONDDEURDRENKING**<br>0,25 g/plant<br>(vir 4-6 weke beheer) | Dien toe as 'n gronddeurdrenking in die lente of by die eerste tekens van besmetting. Meng 2,5 g **Confidor 70 WG** met 10 ℓ water en dien 1 ℓ van hierdie mengsel toe op die grond om die basis van die stam van elke plant. Besproei binne 24 uur na toediening. |
| | 0,5 g/plant<br>vir seisoen-<br>lange beheer) | Dien toe as 'n gronddeurdrenking in die lente. Meng 5 g **Confidor 70 WG** met 10 ℓ water en dien 1 ℓ van hierdie mengsel toe op die grond om die basis van die stam van elke plant. Besproei binne 24 uur na toediening.<br>Opvolg toedienings mag nodig wees afhangende van die hoeveelheid reënval of besproeiing en grondtipe. |

© Bayer (Edms) Bpk. Alle ongemagtigde reproduksie van hierdie etiket word verbied.

Bayer